- Groeteboodskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
- Groeteboodskap van die Afrikaanse Protestantse Kerk

1.2 *Uitnodiging om 'n waarnemer/afgevaardigde te stuur*

1.2.1 Geen antwoord is van die volgende ontvang nie:

Waarnemers

Sinode Soutpansberg
Eglise Reformée Confessante au Congo

Afgevaardigdes

Nederlands Gereformeerde Kerken
Lanka Reformed Church
The Reformed Church in Japan
The Presbyterian Church in Korea

1.3 *Benoemings van Partikuliere Sinode*

1.3.1 Regsdeputate vir Advies insake Appèlle en Beswaarskrifte

Die volgende benoemings is ontvang en aan die voorsitter, ds PA Coetzee deurgegee:

Bosveld	Ds LAS Nel
Noordwes	Dr J Smit
Oostelike	Ds PW Kurpershoek
Vrystaat en KwaZulu-Natal	Di BC Smit en MJ Temba
Pretoria	Ds HJP de Beer
Randvaal	Dr FP Kruger
Suidelike	Ds H Reinecke

Die ander lid benoem deur Sinode 2006 is ds RM van der Merwe.

1.3.2 Deputate vir Programmering

Die volgende benoemings is ontvang en aan die voorsitter, ds LH van Schaik deurgegee:

Bosveld	Ds G Opperman en oudl CNW Ligthelm
Noordwes	Di PJ van Blerk en W Vogel
Oostelike	Drr SP van der Walt, JH Howell en ds MA Modise
OVS en Natal	Di HF van Wyk en AP de Jager
Pretoria	Dr PH Heystek
Randvaal	Dr D Lartz en ds P Fanoy
Suidelike	Ds D Pansegrouw en oudl FJ Kruger

Die ander lid benoem deur Sinode 2006 is ds CA Jansen.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.3.2.

10. Programmering

10.1 RAPPORT VAN DIE DEPUTATE VIR PROGRAMMERING – KOMMISSIES (Artt 12, 22, 26)

E. Ds CA Jansen lewer die Rapport.
F. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
G. Versoek van dr SJ van der Walt oor prosedure vir behandeling van sake word ter tafel geneem.
H. 'n Ad hoc-kommissie word saamgestel uit die Moderamen, ds C Aucamp en dr SJ van der Walt.
I. Ds SD Snyman rapporteer namens die ad hoc-kommissie.

J. RAPPORT
1. Sake waarvan die Sinode kennis neem
1.1 Opdrag
Die opdrag is vervat in die Handelinge van die Nasionale Sinode.
1.1.1 Acta 1979:301, art 76, 3.1.5
1.1.2 Acta 1991:491 – 494
1.1.3 Acta 1994:726 – 728
1.1.4 Acta 2000:31
Besluit: Kennis geneem.

1.2 Werkswyse
1.2.1 Die Deputate aangewys deur die Nasionale Sinode 2003 (Acta 2003:763): ds LH van Schaik (voorsitter), ds CA Jansen (skriba), br HSJ Vorster, dr W du Plessis, asook die volgende verteenwoordigers van die Streeksinodes: ds G Opperman, oudl PCZ Viljoen (Bosveld), oudl WJ Cilliers (Pretoria), ds PJ van Blerk, ds W Vogel (Noordwes), dr JH Howell, dr SP van der Walt (Oostelike), ds AP de Jager, ds HF van Wyk (VKN), dr D Lartz en ds P Fanoy (Randvaal), ds D Pansegrouw (Suidelike) en dr JA Kruger (Adjunkdirekteur Administratiewe Buro) het op 5 Desember 2008 vergader om die voorlopige programmering van die Agenda van die Algemene Sinode 2009 te doen.
1.2.2 Van die Deputate wat op die Ordekommissie dien, het weer op 4 Januarie 2009 vergader en hierdie Rapport saamgestel.
Besluit: Kennis geneem.

1.3 Logistiek
1.3.1 Die Sinode het 104 sake om af te handel. Dit sluit o.a in: 66 Rapporte, 5 Appèlle, 23 Beswaarskrifte en 18 Beskrywingspunte.
1.3.2 Elke dag het ongeveer 9 uur en 30 minute beskikbaar om te vergader.
1.3.3 Die koshuis "Kom en Gaan" moet op Vrydag 16 Januarie teen 08:00 ontruim word.
1.3.4 Die Sinode kos R225,00 per afgevaardigde per dag (reiskoste en administrasie uitgesluit).
1.3.5 Die Sinode stel hom ten doel om Vrydag 16 Januarie 2009 teen 10:00 klaar te maak.
Besluit: Kennis geneem.

1.4 Agenda
1.4.1 In die lig van die werkswyse van Nasionale Sinode 2006 is die volgende opsies moontlik (nadat die Rapporte Roepende Kerkraad, Agenda, Programmering en Regsake Ontvanklikheid van Appèlle en Beswaarskrifte gedien het):

1.4.1.1 volgens die programmering het elke rapporteur 5 minute tyd om ’n samevatting van sy Rapport te gee. Die Rapport word verwys tensy die rapporteur aandui dat die saak onmiddellik afgehandel kan word.

1.4.1.2 Alle persone kry geleentheid om sake by Kommissies te argumenteer. Kommissies stel hulle ten doel om sover moontlik teen Vrydag 9 Januarie hulle Kommissierapporte gereed te hê, sodat 7 dae geleentheid gegee word vir deeglike bespreking en besluitneming. Die rapporteur kry weer geleentheid om kommentaar te lewer.

Besluit: Goedgekeur.

1.4.2 Die Agenda en Aanvullende Agenda word as voorberei beskou.

Besluit: Goedgekeur.

1.5 Spreekstem Spreekbeurte

1.5.1 Spreekstem behoort volgens kredensiebrief by afgevaardigdes en volgens KO, art 18 by professore as adviseurs.

1.5.2 Persone wat nie afgevaardig is nie, maar wel by Rapporte, Beskrywingspunte en Beswaarskrifte betrokke is, kan wel m.b.t. toeligting spreekbeurt kry.

1.5.3 Nie-afgevaardigdes kan hulle standpunte en bydraes skriftelik by Kommissies lewer.
Motivering: Die Sinode is ’n vergadering van Partikuliere Sinodes/Streeksinodes (KO, art 50) waarheen afgevaardigdes met las en volmag gestuur word.

1.5.4 Spreekbeurte moet ekonomies gebruik word.
Motivering: die Sinode is ’n kerklike vergadering en nie ’n forum vir gesprekvoering nie.

Besluit: Pte 1.5.1 tot 1.5.4 goedgekeur.

1.6 Aanwys van Kommissies

Die volgende kriteria is gevolg:

(i) persoonlike voorkeur van persone
(ii) gawes
(iii) aanbevelings deur Streeksinodes se verteenwoordigers
(iv) dat die Streeksinodes sover moontlik verteenwoordig is
(v) Beswaarskrifte of Appèlle waarby ’n Streeksinode direk of indirek betrek word, se afgevaardigdes dien sover moontlik nie op Kommissies wat die betrokke Appèl of beswaar behandel nie.

Besluit: Kennis geneem.

1.7 Mediaskakeling

1.7.1 Ds HF van Wyk het die GKSA se webwerf gereed.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die vergadering besluit

Die Deputate beveel aan:

2.1 *Lokale*

Lokale waar Kommissies vergader, se name is op die deure aangebring, en ter wille van ordelikheid word dit nie verander nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 *Vergadertye en tye van sake*

2.2.1 Vergadertye verander vanaf die aanbevelings van die Rapport Roepende Kerkraad, omdat aangepas moet word by die etenstye wat die NWU (Pukkampus) aan ons gee:

08:00 – 10:00
10:00 – 10:15 (teetyd)
10:15 – 12:15
12:15 – 14:00 (middagete)
14:00 – 15:30
15:30 – 15:45 (teetyd)

15:45 – 17:15
17:15 – 18:30 (aandete)
18:30 – 21:00

Besluit: Goedgekeur.

2.2.2 Dinsdag, 6 Januarie kom Beswaarskrifte aan die orde

2.2.3 Woensdag, 7 Januarie kom Appèlle aan die orde.

2.2.4 Saterdag, 10 Januarie – dat die Sinode tot 16:00 vergader, indien nodig.

2.2.5 Woensdag, 14 Januarie word vanaf 15:45 opsy gesit vir GKSA Fees 150.

2.2.6 Die beplanning van die Sinode word so gedoen om Vrydag 16 Januarie om 10:00 klaar te maak.

Besluit: Pte 2.2.2 tot 2.2.6 – Goedgekeur.

2.3 *Spreekstem en Spreekbeurte*

2.3.1 dat slegs afgevaardigdes en adviseurs spreekstem het; dat persone wat nie afgevaardig is nie, wel toegelaat word om by Rapporte, Appèlle en Beswaarskrifte waarby hy/sy betrokke is, by die toeligting spreekbeurt te kry.

2.3.2 dat met spreekstemme gehandel word volgens 1.5.

Besluit: Goedgekeur.

2.4 *Die Sinode "in camera"*

Wanneer die Sinode "in camera" gaan, word aanbeveel dat, naas afgevaardigdes, die volgende toegelaat word om in die vergadering te bly:

(i) Adviseurs
(ii) Emerituspredikante en –professore
(iii) Diensdoende predikante en ouderlinge wat nie afgevaardig is nie
(iv) Direkteur en Adjunkdirekteur Administratiewe Buro
(v) Diensdoende tikster
(vi) Kosters

Besluit: Goedgekeur.

2.5 *Adviseurs*

Dit word aanbeveel dat:

2.5.1 Die professore TSP ooreenkomstig KO, art 18 hulle sal voeg by die Kommissies waarby hulle ingedeel is.

2.5.2 Kommissies enige professor vir advies mag nader.

Besluit: Goedgekeur.

2.6 *Ordereëlings rondom en vir die godsdiensoefening in die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord*

Die volgende word aanbeveel:

2.6.1 Die Voorsitter rig die dankwoord aan prof A le R du Plooy vir die Godsdiens wat hy sal lei.

2.6.2 Die afgevaardigdes keer ná die godsdiens na die Sinodesaal terug om met die Agenda voort te gaan.

Besluit: Goedgekeur.

2.7 *Ander reëlings*

2.7.1 Alle groeteboodskappe oorgedra sal word tydens die feesviering op Woensdag 14 Januarie.

2.7.2 Die Rektor van die Noordwes Universiteit se Potchefstroomkampus, prof A Combrink, lewer 'n groeteboodskap op 12 Januarie 2009 om 18:30.

2.7.3 Die verjaardag van die Potchefstroomkampus van die NWU en die Teologiese Skool word deur die kampusrektor op 14 Januarie 2009 om 18:30 gehou. Die Feesvierings sal om 19:15 weer 'n aanvang neem.

2.7.4 Konstituering van die Kuratore vind op 12 Januarie 2009 om 12:30 plaas.

2.7.5 Afgevaardigdes wat wel Saterdagmiddag en –aand en Sondag se drie etes neem, moet dit voor middagete (vandag) aantoon.

2.7.6 Voorsang: dat ds JB du Plessis leiding neem met die sang.

Besluit: Goedgekeur.

2.8 *Werkswyse tov Rapportering*

Aanbevelings

2.8.1 Sake wat in die vergadering afgehandel kan word, word nie na 'n Kommissie verwys nie.

2.8.2 Die Kommissierapporteur stel die Kommissie se Rapport.

2.8.3 Op die grootskerm verskyn die Rapport van die Kommissie.

2.8.4 Enige veranderinge/regstellings sal tydens terugrapportering aangebring word, om op die grootskerm sigbaar te wees.

Besluit: Goedgekeur.

2.9 *Uitgee van die Handelinge*

2.9.1 Die twee skribas van die Sinode, die voorsitter, skriba en adjunk-skribas van die Ordekommissie word as Deputate aangewys om die Handelinge saam te stel.

2.9.2 Prof CFC Coetzee word as adviseur vir hierdie Deputate aangewys.

Besluit: Goedgekeur.

2.10 *Stem en stemtelling*

2.10.1 Dat in sake van hoofdelike stemming gebruik gemaak word.

2.10.2 Die Ordekommissie tree op as stemtellers.

2.10.3 Die geel A-5 kartonne in die sakkies word gebruik vir hoofdelike stemming.

Besluit: Goedgekeur.

2.11 *Mediaskakeling*

2.11.1 Dat skakeling met die media aan die diskresie van die Moderamen oorgelaat word.

2.11.2 Dat rapporteurs van Deputategroepe versoek word om aspekte van hulle Rapporte wat hulle ag vir die media van belang kan wees, aan die Ordekommissie deur te gee.

Besluit: Goedgekeur.

2.12 *Aanwys van Deputate*

2.12.1 Vir die Kommissie se werksaamhede en Rapport word die volgende Sinodebesluit saamgevat:

2.12.1.1 die aanbevelings van name soos deur kerke voorgestel en wat beskikbaar is by die Direkteur van die Administratiewe Buro, in aanmerking geneem word.

2.12.1.2 Geen emeriti of emeritusprofessore moet in die Deputategroepe benoem word nie. Dienende professore moet sover moontlik nie op Deputategroepe aangewys word nie (Acta 1979:179, 8.4).

2.12.1.3 Die bepalings vir die samestelling van die Bestuur van die Administratiewe Buro, Trustees van die verskillende Trustfondse en ander Deputategroepe is vervat in Acta 2003 of soos deur die Sinode besluit.

2.12.2 Die Kommissie bepaal hulle eie werkswyse en lewer op Maandag 12 Januarie 2009 hulle Eerste Rapport ter inligting van die Sinode.

2.12.3 Alle afgevaardigdes lewer hulle insette, verkieslik skriftelik, aan die Kommissie.

2.12.4 Die Finale Rapport dien die laaste dag van die Sinode, wat onbespreek deur die Sinode ter tafel geneem word.

Besluit: Goedgekeur en verwys na Kommissie vir aanwys van Deputate.

2.13 *Kommissies van die Sinode*

2.13.1 Die Kommissies hou hulle streng by die vergaderlokale ter wille van enige persoon wat hulle by die Kommissies wil aanmeld.

2.13.2 Die goedgekeurde kommissie-indeling is finaal.

2.13.3 Die voorsitters en skribas van die Kommissies vergader net na dagsluiting op 5 Januarie 2009 voor in die Sinodesaal om die formaat van Rapporte vas te stel en ander inligting te ontvang.

2.13.4 Die Kommissies vergader Maandagaand, 5 Januarie 2009 om

(i) te konstitueer
(ii) hulle opdragte te verken
(iii) hulle vergaderlokale te kry
(iv) die formaat van hulle Rapporte vas te stel

(v) te kontroleer dat elke afgevaardigde by sy aangewese Kommissie aanwesig is.

2.13.5 Die Kommissies gee genoegsaam tyd vir rapporteurs, toeligters en ander afgevaardigdes wat insette wil lewer, om hulle sake te stel.

2.13.6 In die Kommissies vervang die sekundus-afgevaardigde die primus as laasgenoemde nie teenwoordig is nie.

2.13.7 Kommissies moet elke geleentheid om te vergader benut, aangesien soveel moontlik tyd vir deeglike bespreking en besluitneming beskikbaar moet wees.

2.13.8 Alle sake (Rapporte, Beskrywingspunte, Beswaarskrifte) wat oor 'n bepaalde saak handel, word aan een Kommissie toegewys. Dit staan Kommissies vry om in subkommissies te verdeel.

2.13.9 Kommissierapporte wat gereed is, moet aan die Voorsitter van die Ordekommissie deurgegee word wat sal reël vir die prosessering van die Rapport.

Besluit: Pte 2.13.1 tot 2.13.9 – Goedgekeur.

2.13.10 Die volgende Kommissies word aanbeveel:

1. ORDEKOMMISSIE

Opdrag:	AA 4.2 Tel van stemme, kontrolering van notule, dagprogram
Vergaderplek:	Raadsaal Admin Buro
Voorsitter:	Ds LH van Schaik (O)
Skriba:	Ds CA Jansen (O)
Adj Skriba:	Drr SP van der Walt (O), D Lartz (RV)
Lede:	Di D Pansegrouw (S), HF van Wyk (VKN), MA Modise (O), H Goede (RV); Oudle WJD Fouche (O), FJWJ Slabbert (NW), P Jooste (RV), DJP Erasmus (P), JW du Plessis (VKN)

2. APPÈLKOMMISSIE 1

Opdrag:	A6.1.1, A6.1.2
Vergaderplek:	P10 (Admin Buro)
Voorsitter:	Dr MJ du Plessis (S)
Skriba:	Dr GJ Meijer (P)
Adj Skriba:	Ds JH Cilliers (VKN)
Lede:	Di G Opperman (B), C Aucamp (P); Oudle C Kruger (sek)(NW), C van den Berg (RV), W Grové (S), WJ Snyman (B), P Aucamp (S), F Manuel (S)
Adviseur:	Prof JM Vorster

3. APPÈLKOMMISSIE 2

Opdrag:	A 6.1.5, AA 6.1.6
Vergaderplek:	P11 (Admin Buro)
Voorsitter:	Ds JB du Plessis (NW)
Skriba:	Dr FP Kruger (RV)
Adj Skriba:	Ds P Venter (NW)
Lede:	Dr J Smit (NW), ds MJ Erasmus (P); Oudle DA Steenkamp (NW), CG Foster (S), CJH van Wyk (RV), WA du P Erasmus (O), MN Ras (S), PA Marais (S)
Adviseur:	Prof A le R du Plooy

4. KOMMISSIE BESWAARSKRIFTE 1

Opdrag:	A 9.4, A15.11, A15.12
Vergaderplek:	P14 Admin Buro
Voorsitter:	Ds PA Coetzee (NW)
Skriba:	Ds C Aucamp (P)
Adj Skriba:	Ds WP van der Merwe (S)
Lede:	Ds MJJ Erasmus (O); Oudle AJ du Plooy (NW), CHJ Kruger (B), H van der Wateren (B), A du Plessis (S), GJ Swanepoel (S), P van Emmenis (P)
Adviseur:	Prof BJ de Klerk

a. KOMMISSIE BESWAARSKRIFTE 2

Opdrag:	A 18.2, A 18.3, A 18.4, AA18.5 (NP Kruger)
Vergaderplek:	Kantoor (GK Potchefstroom-Noord)
Voorsitter:	Ds HPM van Rhyn (B)
Skriba:	Ds PW Kurpershoek (O)
Adj Skriba:	Dr JA Erasmus (NW)
Lede:	Ds PJ Venter (B); Oudle DP Lessing (sek)(B), TF Schutte (NW), H Wait (VKN), AP Erasmus (RV), JG Voster (S) AT van der Wetering (P)

b. KOMMISSIE BESWAARSKRIFTE 3

Opdrag:	A14.5, A14.6, A14.7 (art 48), AA19.1, AA19.2
Vergaderplek:	P15
Voorsitter:	Dr CJ Smit (NW)
Skriba:	Ds C Kruger (O)
Adj Skriba:	Ds FM Dreyer (RV)
Lede:	Di LSD du Plessis (O), PA Odendaal (VKN), VA Rankotha (VKN); Oudle F vd B Postma (O), JC van der Walt (VKN), MJ Naledi (VKN), FJ Greyling (RV), SJM Swanepoel (B), SJP du Plessis (VKN)
Adviseur:	Prof A le R du Plooy

c. KOMMISSIE BESWAARSKRIFTE 4

Opdrag:	A15.13, A15.14, AA15.16 (vrou)
Vergaderplek:	P16 (Admin Buro)
Voorsitter:	Dr JH Howell (O)
Skriba:	Ds JG Noëth (B)
Adj Skriba:	Ds TJ van Vuuren (VKN),
Lede:	Ds WGM Kotze (P); Oudle TS Miya (O), WJ Cilliers (P), JL du P Ligthelm (O), SE Masakane (VKN), JG Opperman (B), BJ Kruger (P)
Adviseur:	Prof PP Kruger

d. KOMMISSIE BESWAARSKRIFTE 5

Opdrag:	A9.5, A9.6, A9.7 (SARK)
Vergaderplek:	P17 (Admin Buro)
Voorsitter:	Ds PK Lourens (VKN)
Skriba:	Ds HC van Rooy (S)
Adj Skriba:	Ds GS Kruger (P)
Lede:	Di OJ Struwig (O), HL Stavast (P); Oudl B Moshia (sek)(O), J Malunga (NW), CS van Heerder (sek)(VKN), P Greyling (RV), P Aucamp (B), JF Mulder (P)
Adviseur:	Prof TD Mashau

e. KOMMISSIE BESWAARSKRIFTE 6

Opdrag:	A16.5, A16.6, A16.7
Vergaderplek:	GK Potchefstroom-Noord Konsistorie
Voorsitter:	Ds CB Swanepoel (B)
Skriba:	Dr AL Rheeder (RV)
Adj Skriba:	Ds JH Grobler (B)
Lede:	Di PC van Rooy (O), MS Mbatha (VKN); Oudle BJ Vorster (O), SC van der Walt (VKN), T van Eeden (sek)(VKN), DB van der Merwe (RV), JP Viljoen (B), W Heystek (P)
Adviseur:	Prof PH Fick

f. KOMMISSIE BESWAARSKRIFTE 7

Opdrag: A15.15, AA14.8
Vergaderplek: Moederskamer GK Potchefstroom-Noord
Voorsitter: Ds SA Cilliers (B)
Skriba: Ds AB van der Walt (NW)
Adj Skriba: Ds CJJ Putter (B)
Lede: Ds B Companie (S); Oudle JJA van Wyk (O), JF Venter (VKN), HJ Kruger (RV), JC Oosthuizen (RV), R Boshoff (B), W Prinsloo (P)
Adviseur: Prof PH Fick

g. KOMMISSIE BYBELMEDIA/VERTALING
Opdrag: A7.1, AA 7.1, A7.2
Vergaderplek: TSP SBB Teekamer
Voorsitter: Dr WC Vergeer (RV)
Skriba: Dr J Lion-Cachet (sek)(NW)
Adj Skriba: Dr SF Kruger (O)
Lede: Ds HJ Stoltz (sek)(VKN); Oudle BA Potgieter (RV), DJ Coetzee (VKN), K van der Merwe (RV), J Groothof (B), J Coetzee (P), P van Staden (P)
Adviseur: Prof GJC Jordaan

h. DIAKONALE SAKE (& Ad Hoc)
Opdrag: A8.1, AA8.1
Vergaderplek: GK Potchefstroom-Noord Klaskamer
Voorsitter: Ds TC de Klerk (NW)
Skriba: Dr EJ de Beer (B)
Adj Skriba: Ds AF Berg (VKN)
Lede: Di N Boy (B), DJP Erasmus (S); Oudle HCC Kruger (O), MW Kgaue (sek) (O), G Floors (NW), P Magonare (NW), J van Milligen (S)

i. KOMMISSIE EKUMENISITEIT
Opdrag: A9.1, AA9.1, A9.2, A9.3, AA9.8
Vergaderplek: GK Potchefstroom-Noord Kerkgebou
Voorsitter: Ds RG Aucamp (S)
Skriba: Ds IW Ferreira (P)
Adj Skriba: Dr SJ van der Merwe (NW)
Lede: Di KA J van Rensburg (S), DG Zwemstra (VKN), HH Sehoole (P); Oudle F Kruis (S), S Oostruis (NW), JJ Pretorius (VKN), J van der Walt (RV), HLM Erasmus (B), T Mathibe (P)

j. KOMMISSIE EMERITAATSVERSORGING
Opdrag: A10.1, AA 10.1, A10.2, A10.3, A 10.4
Vergaderplek: Adj Direkteur Kantoor (Admin Buro)
Voorsitter: Ds CJH Breed (O)
Skriba: Ds JC Aucamp (NW)
Adj Skriba: Ds HW Schutte (S)
Lede: Di JP Sithole (sek)(VKN), NN Ligege (B), HG Schutte (RV), PG Geertsema (P); Oudle NJ Hartung (O), G van der Walt (NW), JA van Jaarsveld (S), HAH de Klerk (VKN), HJ Prinsloo (B), NJ van Rensburg (RV), MJL van der Meer (P)
Adviseur: Br BG Kukkuk

k. KOMMISSIE FINANSIES
Opdrag: A11.1, AA11.1, A11.2, AA11.2 en finansiële state
Vergaderplek: Admin Buro P7
Voorsitter: Ds W Vogel (NW)
Skriba: Ds J van Schaik (O)

Adj Skriba: Ds PJ Nel (P)
Lede: Di P Lubbinge (S), L Kruger (RV), JA Berg (B), JA du Preez (VKN), MR Ramalisa (NW); Oudle PWH Aucamp (NW), BD Bakker (O), IJ Lessing (S), PWB Kruger (P), JJ Howell (RV), LJE Venter (B), MN Hermann (VKN)
Adviseurs: Brs L Kruger, WD van der Walt, HSJ Vorster

l. KOMMISSIE: JEUG EN ONDERWYS
Opdrag: A12.1, A12.2, A12.3, AA12.4, AA12.5
Vergaderplek: TSP Seminaarlokaal
Voorsitter: Ds TJ Potgieter (S)
Skriba: Dr EJ Smit (RV)
Adj Skriba: Ds HS Coetzee (NW)
Lede: Di AP Tredoux (RV), JH Venter (S), DF Coetzee (O); Oudle S Klaas (S), FPC Viljoen (O), JA Kruger (sek) (VKN), G J van Vuuren (RV), HJ Briel (sek)(B)
Adviseur: Prof FW de Wet

m. KOMMISSIE KERKSAKE: HISTORIES EN KERKREGTELIK
Opdrag: A 5.2, A13.1, A14.1, A14.2, A14.3, A14.4, AA14.9, AA14.10
Vergaderplek: Klaskamer 110 TSP
Voorsitter: Dr DG Breed (P)
Skriba: Dr WC Opperman (NW)
Adj Skriba: Dr N Vorster (VKN)
Lede: Di HJP de Beer (P), WM Snyman (B), dr JV Fatuse (S); Oudle F Venter (NW), MC Duvenage (B), R Muller (VKN), GWP van Wyk (RV), JTS van der Merwe (B)
Adviseur: Prof A le R du Plooy

n. KOMMISSIE LEERSTELLIG 1
Opdrag: A15.1, A15.2, A15.3, A15.4, A15.5
Vergaderplek: Klaskamer 111 (TSP)
Voorsitter: Dr G Breed (RV)
Skriba: Ds BCG Fourie (P)
Adj Skriba: Dr ALA Buys (B)
Lede: Di HV Venter (S), LH Moretsi (RV), dr DM Nkulu (RV), ds SL Oostruis (NW); Oudle B Jager (S), HS van der Walt (P), JA Coetzee (NW), OFJ Hartung (O), MC Hattingh (B)
Adviseur: Prof CFC Coetzee

o. KOMMISSIE LEERSTELLIG 2
Opdrag: A15.6, A15.7, A15.8, A15.9, A15.10
Vergaderplek: Klaskamer 112 (TSP)
Voorsitter: Ds JJ Cloete (NW)
Skriba: Ds L du P van der Vyver (P)
Adj Skriba: Ds D van 't Zand (RV)
Lede: Di AP de Jager (VKN), PJJ van Nieuwenhuizen (B), DHP Wijnbeek (S); Oudle G Kotzee (RV), DF du Toit (NW), DE Niemand (O), AJ van Wyk (NW)
Adviseur: Prof CFC Coetzee

p. KOMMISSIE LITURGIES 1
Opdrag: A16.1, AA16.1, A16.2, AA16.2,
Vergaderplek: Studente teekamer (TSP)
Voorsitter: Dr AJ Krüger (O)
Skriba: Ds JP van der Walt (S)
Adj Skriba: Ds JA Schutte (RV)

Lede: Dr JM van Tonder (RV), di JL van der Schyff (VKN), AH Steyn (O), SJMS Smit (B); Oudle HF Kruger (B), TE Gxotani (S), DJ Taljaard (NW), TM Buys (O), P Welken (sek)(VKN), I du Preez (P)
Adviseur: Prof FP Viljoen

q. KOMMISSIE LITURGIES 2

Opdrag: A16.3, A16.4, A16.8, AA16.9, AA16.10
Vergaderplek: GK Potchefstroom-Noord Saal
Voorsitter: Dr ME Schalekamp (RV)
Skriba: Ds LJ Buys (NW)
Adj Skriba: Ds DJ Bakker (O)
Lede: Di CJ van Heyningen (P), J Malan (S), OI Rooibaadjie (NW); Oudle CJH Schutte (S), THB van Dam (P), W Smit (O), DJ de Klerk (VKN), L van den Brink (VKN), G Schoeman (P)
Adviseur: Prof FP Viljoen

r. KOMMISSIE MEDIA & PUBLIKASIES

Opdrag: A17.1, A17.2, A17.3, AA17.3, A17.4, A17.5, A17.6, AA17.7
Vergaderplek: Sysaal GK Potchefstroom-Noord
Voorsitter: Dr SJ van der Walt (VKN)
Skriba: Ds AP Kruger (VKN
Adj Skriba: Ds JP Fleischmann (S)
Lede: Di DP Prinsloo (B), SP Venter (B); Oudle WJ Steyn (S), PJ Jones (NW), HG Kruger (VKN) F J van Vuuren (RV), F du Toit (P), DL de Beer (sek)(O)
Adviseur: Prof GJC Jordaan

s. KOMMISSIE TEOLOGIESE SKOOL

Opdrag: A 18.1, AA18.1, AA18.6
Vergaderplek: Senaatsaal TSP
Voorsitter: Ds SD Snyman (P)
Skriba: Dr PH Heystek (P)
Adj Skriba: Ds PJ van der Walt (O)
Lede: Ds PM Modise (RV), dr VE d'Assonville (B), di ED Pelele (NW), MP Fourie (S), MJ Temba (VKN); Oudle J Brouwer (VKN), GJ Oosthuizen (P), C Reinecke (RV), BH Venter (O), JA Hoogenboezem (B), PJ Snyman (NW), JA Niesing (S)

t. KOMMISSIE BENOEMING DEPUTATE

Opdrag: Wys Deputategroepe aan soos deur die Sinode besluit.
Vergaderplek: Feeskantoor (Admin Buro)
Voorsitter: Ds EJ Tiemensma (O)
Skriba: Ds P Fanoy (RV)
Adj Skriba: Ds BR Kingma (S)
Lede: Dr HG Stoker (P), di JC Erasmus (NW), LAS Nel (B), MJ Smidt (VKN); Oudle JJ van Niekerk (O), JH van der Merwe (RV), FJ Kruger (S), GL Erasmus (P), MC Erasmus (NW), CNW Ligthelm (B), PJ Manake (VKN)

Besluit: Goedgekeur.

K. **RAPPORT VAN DIE MODERAMEN IN OORLEG MET DR KOBUS VAN DER WALT EN DS CASSIE AUCAMP I.S. ORDE VAN VERGADERING**

Die volgende werkswyse word vir die Sinode aanbeveel:

1. dat elke rapporteur van 'n Deputaterapport, toeligter van 'n Beskrywingspunt en beswaarde 5 minute gegee word om 'n kernagtige samevatting van sy saak te gee

2. dat die Rapport / Beskrywingspunt / Beswaarskrif onmiddellik daarna na die aangewese Kommissie verwys word, tensy die rapporteur aandui dat die saak onmiddellik afgehandel kan word
3. dat Rapporte nie gedeeltelik behandel en gedeeltelik verwys sal word nie, maar as geheel hanteer sal word
4. dat die Voorsitter sal oordeel wanneer dit nodig is dat 'n Rapport, wat vir onmiddellike afhandeling hanteer word, tog na 'n Kommissie verwys moet word
5. dat 'n rapporteur, toeligter of beswaarde, wat voel dat hy meer as 5 minute tyd gegee moet word, sy saak aan die Ordekommissie sal stel, wat dan die Voorsitter daaroor sal adviseer
6. dat 'n Rapport in sy geheel na 'n betrokke Kommissie verwys word en dat die Kommissie die verantwoordelikheid het om sake wat deur ander Kommissies hanteer moet word (bv finansies, deputate), onder sodanige Kommissies se aandag te bring
7. dat appèllante en toeligters van die besluite waarteen geappèlleer word, elk 10 minute kry vir 'n opsommende voorlegging van die kern van hulle sake aan die Sinode
8. dat die Voorsitter sal toesien dat die vrae wat by die aanvanklike voorlegging van die Appèl en toeligting deur die lede van die vergadering gevra word, net *bona fide* inligtingsvrae is
9. dat hierdie van nou af die werkswyse van hierdie Sinode sal wees en vroeëre besluite oor hierdie vergadering se werkswyse vervang.

Besluit: Goedgekeur – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

10.2 BESKRYWINGSPUNT VAN STREEKSINODE RANDVAAL OOR DIE HANTERING VAN KONTENSIEUSE SAKE (Art 16)

A. Ds D van 't Zand stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.

C. BESKRYWINGSPUNT

Dat die volgende aan die Nasionale Sinode deurgegee word: die Moderamen gee geleentheid vir Bybelstudie en gebed in groepe voordat kontensieuse sake aan die orde kom.

Motivering

Die getuienis van ds M Rebel in sy artikel in *Die Kerkblad* (Junie 2008:35-36) toon aan dat hierdie benadering groot vrugte in die Christelik Gereformeerde Kerk in Nederland se Sinode 2007 opgelewer het.

Dit kan wees dat afgevaardigdes strydlustig by die Sinode opdaag. Hierdie benadering gee geleentheid aan die afgevaardigdes om mekaar as medestryders en nie as teenstanders nie, te sien.

As een groep die ander groep met meerderheid van stemme sou verslaan, strek dit nie tot God se eer nie. Dit is waarskynlik dat daar geen oorreding sal plaasvind nie. Die teenoorgestelde sal moontlik gebeur: die "groepe" sal waarskynlik verder uit mekaar beweeg. Ons is geroepe om mekaar in Christus te vind.

Besluit: In die lig van KO, art 32, wat hiervoor voorsiening maak, word nie aan die Beskrywingspunt gevolg gegee nie.

11. Deputate Nasionale Sinode

11.1 RAPPORT DEPUTATE NASIONALE SINODE – RAPPORT OOR STUDIE – FREKWENSIE EN DUUR VAN SINODE (Artt 11, 161, 211, 321, 325)

A. Ds CA Jansen lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Punt 2.1.1 word verwys na die Ordekommissie vir 'n aanbeveling van 'n Kommissie pre-advies.
C. Punt 2.2.1 word verwys na Beswaarskrifkommissie 2.
D. Punt 2.2.2 word verwys na die Kommissie Diakonale Sake.
E. Punt 2.2.4 word verwys na Kommissie Kerksake: Histories en Kerkregtelik.
F. Punt 2.2.5 word verwys na die Kommissie Ekumenisiteit.
G. Punt 2.2.6 word verwys na Kommissie Christelike Onderwys.
H. Dr D Lartz rapporteer namens die Ordekommissie as Kommissie pre-advies (2.1.1).
I. Ds PJ Venter rapporteer namens Beswaarskrifkommissie 2 (2.2.1).
J. Dr EJ de Beer rapporteer namens die Kommissie Diakonale Sake (2.2.2).
K. Dr WC Opperman rapporteer namens Kommissie Kerksake: Histories en Kerkregtelik (2.2.4).
L. Prof SJ van der Merwe rapporteer namens die Kommissie Ekumenisiteit (2.2.5).
M. Ds JH Venter rapporteer namens die Kommissie Christelike Onderwys (2.2.6).

N. RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Opdragte*

1.1.1 Opdrag Nasionale Sinode 2006 (Acta 2006:826, art 24.3, punt F 3)

1.1.2 Uitstaande opdragte van die Algemene Sinode 1988.

Besluit: Kennis geneem.

1.2 *Opdrag Nasionale Sinode 2006 – frekwensie en duur van Sinodes.*

1.2.1 Prosedure by Appèlle en Beswaarskrifte – 'n afsonderlike Rapport hieroor is in die Agenda opgeneem. Ook moet 'n Rapport oor Beswaarskrifte dien (Acta 2006:842).

1.2.2 Alle Rapporte en Beskrywingspunte behoort primêr staande die vergadering afgehandel te kan word (KO, art 30). Sinode 1976 (Acta 1976:14-19, art 12) het egter op 'n werkswyse besluit (wat in volgende Sinodes uitgevoer is). Die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Noordwes in 2006 het hierdie werkswyse nie verreken nie (KO, art 46).

1.2.3 Rakende die beslegting van besware het vorige Sinodes reeds op 'n werkswyse/prosedure ooreengekom (Acta 1967:349-350; Acta 1991:526-528 en Acta 1994:51-55). Vir die spoedige beslegting van besware behoort beswaardes sowel as kerklike vergaderings wat hierdie besware hanteer, te let op KO, artt 30 en 46. Aparte prosedures en strukture gaan hierdie situasie nie verbeter nie. Persoonlike en gesamentlike verantwoordelikheid is nodig. Dit bring vanself mee dat Agendas van Sinodes kleiner word. Die huidige werklikheid van al dikker-wordende Agendas skep die indruk dat kerklike besluite al meer van Sinodes afhanklik gemaak word (Sinodokrasie), terwyl die plaaslike kerk en die belangrikste meerdere vergadering (Klassis – KO, art 41) al minder verantwoordelikheid neem (KO, art 30).

1.2.4 <u>Praktiese sake</u>

1.2.4.1 Kostes: die Beskrywingspunt (Acta 2006:824, 5) wys in elk geval dat die kostes vir 'n hoër frekwensie duurder is.